**<u>VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN</u>**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak Nr. : 174/2009

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>IVIN ABRAMS</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** WRIGHT, R *et* KRUGER, R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** KRUGER, R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 2 APRIL 2009

---

[1] Hierdie saak is ingevolge artikel 304(4) van die Strafproseswet 51 van 1977 deur die Landdros te Kroonstad op hersiening gestuur met die versoek dat die skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel word om die volgende redes soos vermeld in die landdros se brief:

> "1. Die beskuldigde het verskyn op die naam IVIN ABRAMS. Sy regte met betrekking tot regsbystand

was aan hom verduidelik en het hy verkies om sy eie verdediging waar te neem.

2. Op die klagte van Oortreding van Artikel 154(1)(d) Wet 27/1987 naamlik “Drink in die openbaar” het die beskuldigde skuldig gepleit.
3. Artikel 112(1)(a) Wet 51/1977 was deur die hof toegepas en was die beskuldigde skuldig bevind en gevonnis tot R40,00 of 10 dae gevangenisstraf.
4. Later dieselfde dag het dieselfde beskuldigde weer voor die hof verskyn, maar op ‘n klagte van Oortreding Artikel 65(1) Wet 93/1996 naamlik “Bestuur onder die invloed van sterk drank” onder ‘n ander naam naamlik RICHADE NAISON MORRIS.
5. By navraag deur die hof het dit geblyk dat die beskuldigde verkeerdelik op die naam IVIN ABRAMS gereageer het en dus verkeerdelik gepleit, skuldig bevind en gevonnis was op die aanvanklike klagte van “Drink in die openbaar” wat vir IVIN ABRAMS bedoel was.
6. Daarom die versoek om ter sydestelling van die skuldigbevinding en vonnis teen IVIN ABRAMS aangesien die verkeerde beskuldigde verskyn het.
7. IVIN ABRAMS het nooit in persoon verskyn nie en ‘n Lasbrief vir sy arrestasie was gemagtig.”

[2] In die omstandighede word die skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**G. F. WRIGHT, R**

/em